Interaksies en Interafhanklikheid Toets

KIES SLEGS A, B, C OF D:

VRAAG 1:

1.1) Die somtotaal van al die ekosisteme op aarde.

A.) Ekosisteem.
B.) Biosfeer.
C.) Gemeenskap.
D.) Habitat. (2)

1.2) Watter opsie is 'n voorbeeld van mutualisme?

A.) 'n Bok en 'n plant.
B.) 'n By en 'n plant.
C.) Voëls en bome.
D.) Geen van die bogenoemde. (2)

1.3) In 'n sekere gemeenskap is daar die volgende diere:

- Slakke.
- Plante
- Lyster(voëltjie)
- Valke

Watter dier sal die tersiêre verbruiker wees?

A.) Slak.
B.) Valk.
C.) Lyster.
D.) Plante. . (2)

1.4) Watter einskap van 'n hidrofiet se blaar is die korrekte opsie?

A.) groot absorbsieoppervlak.
B.) maklike gaswisseling deur huidmondjies.
C.) beperk waterverlies.
D.) A en B (2)

1.5) 'n Sekere dier kom voor as sy oorspronklike voorkoms. Die dier sien 'n predatoor en verander van voorkoms. Die eienskap is:

A.) Kamoeflering.
B.) Mimikrie.
C.) Aanpassing.
D.) geen van die bogenoemde. (2)

VRAAG 2:

2.1) Definieer die term voedselketting. (2)
2.2) In ‘n eksosisteem het die volgende eienskappe

- Die son verskaf energie aan plante wat die energie gebruik vir fotosintese.
- Sprinkane is die primêre verbruiker.
- ‘n Padda eet die sprinkaan.
- ‘n Slang is die tersiêre verbruiker.

Teken ‘n eenvoudige voedselketting van die energievloei hierbo. Dui ook aan waar die energie begin. (4)

2.3) Die slang is ‘n voorbeeld van ‘n roofdier. Wanneer die slang vrek , wat word die tipe dier genoem wat die slang se liggaam ontbind en nuttigheid daaruit vind? (1)

2.4) Tabeleer die verskil tussen die soort dier in 2.3) wat die slang ontbind en herbivore. (3)

VRAAG 3:

3.1) Definieer die term Xerofiet. (1)
3.2) ‘n Alwyn is ‘n voorbeeld van ‘n Xerofiet. Hoe is die alwyn se stingel aangepas om te kan oorleef? Noem en bespreek 4 maniere hoe die alwyn aangepas is. (4)
3.3) Noem ‘n ander tipe plant behalwe Xerofiete. (1)